# Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Laat die jongmense ʼn toring met Jenga-blokkies op ʼn tafel bou. Haal twee van die fondasieblokkies uit en laat iemand aan die tafel stamp sodat die toring omval.

Gesels saam:

- Wat gebeur as die fondasie van die toring nie reg is nie?

## WONDER

Ons gaan vandag ʼn gedeelte in die Bybel lees waar die koning besef het dat die volk van God af weggedwaal het. Hulle het begin om op die verkeerde fondasie te bou.

**Kyk die volgende video saam (https://www.youtube.com/watch?v=zbOLxBHhvkA)**.

Lees dan 2 Konings 23:1-6 saam. Lig vers 3 (*Die Bybel vir almal*) uit:
[Koning Josia] het boodskappers gestuur en hy het gesê die leiers van Juda en Jerusalem moet bymekaarkom by hom. Hy het na die tempel gegaan. Al die leiers van Juda en Jerusalem was saam met hom, en ook die priesters en die profete en al die mense, die belangrike én die onbelangrike mense. Hy het vir hulle gelees wat geskryf is in die verbondsboek wat die hoëpriester in die tempel gekry het. Daarna het die koning by die pilaar gaan staan. *Hy het belowe dat Hy die Here altyd sal dien en dat hy alles sal doen wat die wette van die Here sê. Hy het belowe om te doen wat die Here wil hê en om die verbond te hou waaroor daar in die boek geskryf is.* Al die mense het dit saam met die koning belowe.

Gesels saam:

- Wat is die verbond?
- Waarom het koning Josia almal opdrag gegee om die verbond met God te hernu?
- Hoe lyk dit as ʼn mens sy of haar lewe op God bou?

## WEES

Laat die jongmense hulle eie boekrol maak.

Gee vir elkeen 'n skoon vel papier (A5). Laat hulle 'n prentjie van hulleself daarop teken (die kort sye moet bo en onder wees). Hulle kan dan 'n paar maniere waarop hulle hulleself aan God gaan toewy, neerskryf. Dink byvoorbeeld aan Bybellees, kerk toe gaan, deelneem aan uitreikprojek, en so meer.

Gee vir elkeen twee stokkies. Dit kan sosatiestokkies, plastiekpyp of iets soortgelyks wees. Die stokkies moet lank genoeg wees sodat dit verby die rande van die papier steek. Laat hulle 'n stokkie op elk van die twee kort sye van hulle papier plak. Wanneer die gom droog is, kan hulle hulle boekrolle oprol.

Verduidelik vir die groep dat hierdie boekrolle ons help onthou dat ons toegewyd aan die Here moet leef soos koning Josia.

## WEGSTUUR

Sit jou boekrol op 'n plek waar jy dit gereeld gaan sien. Dit sal jou herinner om toegewyd aan die Here te leef.

---